Swellendam

Munisipaliteit

Munisipale Kantoor
Posbus 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Faks No. (028) 5142694

Municipality

Municipal Office
P.O. Box 20
SWELLENDAM, 6740
Tel. (028) 5148500
Fax No. (028) 5142694

e-pos / e-mail : info@swellenmun.co.za

06 June 2019

AANVAARDING VAN DIE GEWYSIGDE 2017-2022 VYF JAAR GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN DIE GEWYSIGDE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR); GOEDKEURING VAN DIE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING EN HEFFING VAN TARIEWE VIR EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN GELDE VIR MUNISIPALE DIENSTE EN DIVERSE AANGELEENTHEDE VIR DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR;

Kennis geskied hiermee ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), saamgelees met die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) dat die Swellendam Munisipale Raad die gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, saam met die gewysigde Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk tydens 'n Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2019, aanvaar het.

Kennisgewing geskied verder, in terme van Regulasie 18 van die Munisipale Begrotings- en Verslagdoeningsregulasies, dat die Swellendam Munisipale Raad, op die Raadsvergadering van 30 Mei 2019, die Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur het, in terme van artikel 24 van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).

Kennisgewing geskied verder, in terme van artikel 75A (3) van die Wet op Plaaslike regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en artikel 14 van die Wet op plaaslike regering: Wet op Munisipale Belasting, 2004 (Wet 6 van 2004) dat die Swellendam Munisipale Raad op die Raadsvergadering van 30 Mei 2019 tariewe, heffings en fooie ten opsigte van eiendomsbelasting, munisipale dienste en diverse aangeleenthede vir die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur het.

Kennis geskied verder dat die goedgekeurde dokumente hierbo aangehaal, asook ‘n uittreksel van die Raadsbesluit in die verband ter insae beskikbaar is by die volgende plekke en kantore:

- Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam
- Swellendam Openbare Biblioteek, Voortrekstraat 49, Swellendam
- Railton Openbare Biblioteek, Resiesbaanstraat, Swellendam
- Buffeljagsrivier Munisipale Kantore, Arendsestraat 5, Buffeljagsrivier
- Buffeljagsrivier Openbare Biblioteek, Arendsestraat 1, Buffeljagsrivier
- Suurbraak Munisipale Kantore, Hoofweg, Suurbraak
- Suurbraak Openbare Biblioteek, Helmsirkel, Suurbraak
- Barrydale Munisipale Kantore, Bainstraat 12, Barrydale
- Barrydale Openbare Biblioteek, Bainstraat 12, Barrydale

- www.swellenmun.co.za

Munisipale Kantore
Posbus 20
Swellendam, 6740

A.M. Groenewald
Munisipale Bestuurder

Kennisgewing A24/2019